**GRAAD 12 GEDIG 5: Ek het ’n huisie by die see**

**MEMORANDUM**

1. Dit beklemtoon dat dit weerloos teen die elemente is. Dit verduidelik ook hoe die spreker oor die huis voel, hy/sy is lief vir die huis (liefkosing).
2. Dis donker, die golwe slaan en die winde huil.
3. Die vuurtjie brand en gee lig, dis veilig, warm en dig.
4. Dit beklemtoon die feit dat die golwe aanhoudend teen die rots slaan.
5. Dit laat ’n mens bang voel.
6. Dit is vir beklemtoning, byvoorbeeld, in die rymende koeplet beklemtoon dit die uitdaging.
7. 7.1 “loei”
   7.2 Die wind huil en kreun.
8. Gehoor, sig en gevoel.
9. Dit is ’n metafoor van die spreker se lewe en sy geloof in God. Sy/haar geloof is baie sterk, want die huis is op ’n rots gebou, ’n sterk fondasie.
10. 10.1 Die wind “huil” en “kreun”. (versreël 5)
    10.2 “soos van verlore siele in hul nood” (versreël 6). Die huil van die wind is soos die nood van verlore siele.